PREEKNOTABLAADJIE
So. 20 Feb. 2022

In Jesus Spore in 2022:
Dade…volgens God se wil – doen soos Jesus

Meeste van ons bevind onsself daagliks op die pad: op pad werk toe, skooltoe, winkel toe, huistoe of waarheen ookal. Wanneer jy op die pad is, is daar oral mense rondom jou in ander voertuie en op `n daaglikse basis gebeur daar dinge wat glad nie aangenaam is nie: motorongelukke, kapings, diefstalle. In sulke tye is jyself of ander mense in nood en het hulp nodig, net soos die man wat van Jerusalem na Jerigo oppad was. Gelukkig was daar `n barmhartige Samaritaan wat hom te hulp gesnel en gehelp het (Luk. 10:25-37). Van kleins af hoor ons: *"Glo net soos `n kind"* (**GELOOF**) teenoor opmerkings soos *"jy moet jou moue oprol en darem iets doen ook!"* (**LIEFDE**).

In Jesus Spore volgens God se wil…is geloof nie die enigste element wat belangrik is nie: dade word wel ook geweeg. Dikwels raak Christengelowiges egter verward oor wat hiervan nou eintlik nodig is om die ewige lewe te beërwe. Alhoewel daar uiteenlopende teksverse hieroor bestaan, is dit nie kontrasterend tot mekaar nie.

Rom. 3:28 sê byvoorbeeld duidelik dat geloof i.p.v. dade tel. Jakobus 2:18 spreek weer duidelik van dade, nie net geloof alleen nie! Ons moet nie slegs beide hierdie tekste lees nie, ons moet alle tekste in aanmerking neem as ons die korrekte antwoord hieroor wil kry en is dit uiters belangrik dat ons dit in die regte konteks verstaan…

TEKS: Matt. 25:31-46
"Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom…sal Hy op sy koninklike troon gaan sit. Al die volke sal voor Hom bymekaargebring word, en Hy sal die mense…skei…skape regs en die bokke links…
Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: "Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, want…"

Hier het ons met die finale oordeel te doen en twee afsonderlike groepe. Ons kan dit kripties as volg opsom: diegene wat behulpsaam was in nood (skape aan die Koning se regterkant), terwyl die ander groep niks gedoen het nie (bokke links van die Koning)…
En dan sluit Jesus die gedeelte só af: *"En hierdie mense sal die ewige straf ontvang, maar **dié wat die wil van God <u>gedoen</u> het, die ewige lewe**."* (vers 46)

Prakties moet ons weet: enigiets wat ons na God toe sou bring anders as die fondasie (wat Christus is) of die instrument (wat geloof is) van ons regverdiging, het geen waarde nie.
Geloof, Hoop en Liefde: die eerste een (**GELOOF**) is geleë in die kop en hart (Geloof = Kennis & Vertroue) en die derde een (**LIEFDE**) is geleë in die hart en hande/voete (Dade) gee vir ons die tweede (**HOOP**) wat geleë is in die kop en hart: hoop op `n ewige lewe. Wat ons dus glo (eerstens vanuit ons koppe, maar – BAIE BELANGRIK – uiteindelik in ons hart), vorm ons tot "nuwe mense" (2 Kor. 5:17) in die hart, wat anders leef (dade) as voorheen.

Daar is DRIE dinge wat belangrik is hieroor:

1. **Jesus is ons geregtigheid**
   Ons word alleen met Christus verenig deur geloof en God die Vader tel Christus se perfekte dade as ons eie. Hy is ons geregtigheid (1 Kor. 1:30). D.w.s. dat in Christus het ons die perfekte dade verrig wat van ons vereis word (Matt. 5:48, Jak. 2:10). Christus se dade word as ons dade gereken. Op hierdie gronde kan God die Vader dus van hierdie punt af vorentoe as 100% vír ons gereken word…
   - 2 Kor. 5:21
   - 1 Kor. 1:30
   - Fil. 3:9
2. **Ons werk ons redding (heil) uit**
   In ons eenheid met Christus werk ons nou deur die krag van die Heilige Gees (Rom. 8:13) deur geloof in God se toekomstige genade (2 Tess. 1:11-12; 1 Kor. 15:10) ons redding uit (Fil. 2:13). Hierdie uitwerk van ons eie redding kom deur geestelike vrugdra (Gal. 5:22) in `n lewe van praktiese geregtigheid, waardeur ons ons reddende geloof en ons eenheid met Christus bevestig om sodoende die erfenis van ons redding te verkry.
   - **Verstaan dit baie mooi:** ons erfenis word **NIE VERDIEN** deur ons uitgeleefde geregtigheid nie (Rom. 8:15-17; Gal. 4:7) **NIE**, maar deur ons verbondenheid aan die familie wat bekragtig word deur die feit dat ons nou erfgename van en saam met Christus is.
     - Rom. 8:13
     - **Rom. 2:6-7**
     - **Gal. 6:7-8**
     - Gal. 5:21
     - 1 Kor. 6:9-10
3. **God sal ons beloon vir ons goeie dade**
   Nou stap ons in gelowige gehoorsaamheid in sy toekomstige genade in (2 Kor. 9:8), nie met vertroue in onsself nie (Heb. 13:21; Fil. 2:12-13): ons dien Christus as Here (Kol. 3:24) en maak dit `n prioriteit om Hom tevrede te stel (2 Kor. 5:9; Fil. 4:18; Kol. 1:10 en 1 Tess. 4:1) – nie uiterlik om mense te beïndruk nie, maar vanuit `n opregte hart wat begeer om sy wil te doen, sodat ons van die Here beloning sal terug ontvang wat korreleer met die goeie dade wat ons verrig het.
   Hierdie beloning word nie verdien nie, maar vrylik aan ons gegee in reaksie op ons "werke van geloof" (1 Tess. 1:3; 2 Tess. 1:11) – d.w.s. werke wat op God se genade alleen steun sodat, wanneer ons klaar is met hierdie lewe, ons kan sê "ek het harder gewerk as hulle almal; eintlik was dit nie ek nie, maar die genade van Goid wat by my is." (1 Kor. 15:10) Die Here beloon dus die soort werke wat steun op Sy oorvloedige voorsiening aan ons (2 Kor. 9:8).
   - 2 Kor. 5:10
   - Matt. 16:27
   - Ef. 6:5-8
   - 1 Kor. 15:41-42
   - Luk. 19:17
   - Matt. 10:41-42
   - Kol. 3:23-24

Doen dus dade soos Jesus – uit dankbaarheid en gehoorsaamheid – en verheerlik God!

[John Piper skryf oor hierdie beloning vanuit *The Works of Jonathan Edwards* (tweevolume kommentaar, 1834) wat deur sommige hedendaagse Nuwe Testamentici beskou as van die beste ooit. Bruce Wilkenson se boekie *A life God rewards* sluit ook direk hierby aan.]